BLOEMFONTEIN BAPTISTE

Datum: _____

BRIEWE VIR DIE KERK

DEEL 4: PERGAMUM: OORWIN KOMPROMIE

Openbaring 2:12(AFR20) "Skryf ook aan die boodskapper van die gemeente in Pergamum: "Dit sê Hy wat die skerp swaard met die twee snykante het,

> **Hebreërs 4:12-13** Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. [13] Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee.
>
> **2 Timoteus 3:16-17** Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, [17] sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

Openbaring 2:13(AFR20) " 'Ek weet waar jy woon, daar waar die troon van Satan is. Jy hou egter aan my Naam vas. Jy het selfs nie jou geloof in My verloën nie, in die dae toe Antipas, my betroubare getuie, doodgemaak is daar by julle, waar die Satan woon.

> **2 Timoteus 3:12** Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolg word.

Openbaring 2:14-17(AFR20) Maar Ek hou 'n paar dinge teen jou: Jy het mense in jou midde wat die leer van Bileam aanhang. Hy het Balak geleer om 'n strik vir die kinders van Israel te stel, naamlik om van die afgodsoffers te eet, en hulle onsedelik te gedra. [15] Net so het jy ook mense wat die leer van die Nikolaïete aanhang, wat hulle op hierdie manier gedra. [16] Kom dan tot bekering, anders sal Ek baie gou na jou toe kom, en met die swaard van my mond teen hulle oorlog maak. [17] " 'Laat dié wat ore het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan wie oorwin, sal Ek van die verborge manna gee, en Ek sal vir hom 'n wit klippie gee, ja, 'n klippie waarop 'n nuwe naam gegraveer is, en wat niemand anders ken nie, behalwe die een wat dit ontvang.'"

> **2 Petrus 1:3** Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het
>
> **Handelinge 5:31** God het Hom verhoog tot Leidsman en Verlosser aan sy regterhand, sodat Hy Israel tot bekering kan bring en hulle sondes kan vergewe.

Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui